Graffiti Boeke en Skryfbehoeftes
Bepalings en voorwaardes

Die bepalings en voorwaardes in hierdie dokument dien as riglyn in terme van die transaksie tussen Graffiti Boeke en Skryfbehoeftes (hierna genoem Graffiti) en jouself (hierna genoem Die Gebruiker) vir goedere (enige produk te koop aangebied deur die webtuiste).

1. BESTELLINGS EN AANKOPE OP GRAFFITI SE WEBWERF

'n Transaksie is slegs finaal nadat die totale proses vir aankope gevolg is en die betaling vir al die items deur Graffiti ontvang is. Boeke wat dus in Die Gebruiker se inkopiemandjie geplaas word, maar die betaling het nog nie geskied nie, sal nie as 'n finale transaksie beskou word nie.

2. KOSTES EN BELASTING

Elke item se prys word duidelik by die item aangedui. Wanneer items in jou inkopiemandjie gelaai is, sal die prys ook hier aangetoon word. Graffiti is afhanklik van verskeie verskaffers en prysveranderings wat hierdie verskaffers mag toepas. Alhoewel ons poog om die pryse so akkuraat as moontlik te hou, mag dit gebeur dat die pryse van tyd tot tyd aangepas moet word. Graffiti behou dus die reg voor om pryse te verander na eie diskresie. Graffiti sal wel poog om die gekwoteerde prys te handhaaf waar moontlik. Indien die gekwoteerde prys nie gehandhaaf kan word nie, sal die bestelling gekanselleer word en nadat daar kontak gemaak is met Die Gebruiker en so ooreengekom is, sal die betaling wat reeds gemaak is binne 24 werksure terugbetaal word.

BTW van 14% word gehef op alle items. Invoerbelasting mag dalk betaalbaar wees deur sekere ontvangers van goedere in die buiteland. Graffiti neem geen verantwoordelikheid vir die verskeie invoerbelastings wat van toepassing mag wees nie. Hierdie kostes is die verantwoordelikheid van Die Gebruiker.

3. VERSENDINGSKOSTES EN AFLEWERING

Versendingskoste en aflewering binne Suid-Afrika is as volg:

- Gewone pos via die Suid-Afrikaanse poskantoor: R50.00 (BTW ingesluit) per pakkie. Posbestellings sal binne 5 werksdae na datum van ontvangs van voorraad of datum van ontvangs van betaling, welke datum die laaste is, verwerk en versend word.
- Spoedpos via die Suid-Afrikaanse poskantoor: R100.00 (BTW ingesluit) per pakkie. Aflewering geskied binne 1 tot 2 werksdae na datum van ontvangs van voorraad of datum van ontvangs van betaling, welke datum die laaste is. Hierdie tydperk geld vir sekere streeksgebiede. Aflewering na afgeleë gebiede mag 3 tot 4 werksdae neem.
- Koerier via Graffiti se gekose koerierdiens: R120.00 (BTW ingesluit) per pakkie. Aflewering geskied binne 3 tot 4 werksdae na datum van ontvangs van voorraad of datum van ontvangs van betaling, welke datum die laaste is. Hierdie tydperk geld vir sekere streeksgebiede. Aflewering na afgeleë gebiede mag 5 tot 6 werksdae neem.

Versending van bestellings sal bevestig word deur die stuur van die verwysingsnommer toegeken aan die spesifieke versending, deur middel van e-pos of sms, na Die Gebruiker se gekose medium van kontak.

Die Goedere word nie verseker nie. Hierdie diens kan op spesiale versoek en teen addisionele betaling gedoen word. Die koste verbonde aan die versekering sal vir die rekening van die Gebruiker wees.

Indien daar om welke rede ookal vertragings by die SA Poskantoor is, sal Die Gebruiker in kennis gestel word en ander moontlikhede vir versending sal ondersoek word. Graffiti sal te alle tye poog om die goedere bestel deur Die Gebruiker so spoedig as moontlik te versend, maar kan ongelukkig nie aanspreeklik gehou word vir tydige aflewering waar dit buite die beheer van Graffiti is nie. Versending is afhanklik van die beskikbaarheid van dienste deur die Suid-Afrikaanse poskantoor en die Suid-Afrikaanse vervoersektor. Sien asseblief waarskuwings en / of nota's by die bestelinligting.

4. VOORUIT-BESTELLINGS

Graffiti adverteer ook produkte wat beskikbaar sal wees in die toekoms. Dit bied jou die geleentheid om die produk vooruit te bestel. Betaling vir die produk geskied onmiddelik, soos wat betaling geskied vir enige ander goedere wat op die webtuiste beskikbaar is. Die verwagte publikasiedatum (datum waarop die boek verwag word deur Graffiti) word telkens aangedui by die produk. Hierdie datum is onderhewig aan verandering deur die verskaffer. Graffiti kan ongelukkig nie verantwoordelikheid neem vir enige verandering in die publikasiedatum nie. Die Gebruiker sal egter in kennis gestel word van enige veranderings met betrekking tot sy / haar aankope.

5. BESKIKBAARHEID VAN VOORRAAD

Graffiti sal te alle tye onderneem om sover moontlik produkte te adverteer op die webtuiste wat ten tye van die advertensie beskikbaar is. Let egter daarop dat voorraad beperk is en indien Graffiti om welke rede ookal nie die goedere deur Die Gebruiker aangekoop kan lewer nie, sal Die Gebruiker hiervan ingelig word deur Graffiti en sal Die Gebruiker geregtig wees op 'n volle terugbetaling. Sien ook die Terugsendings- en terugbetalingsbeleid hieronder.

6. BETALINGSMETODES

Die Gebruiker kan binne Suid-Afrika vir goedere betaal per kredietkaart of via bankdeposito en elektroniese fondsoorplasing (EFT). Buite die grense van Suid-Afrika kan betalings slegs per kredietkaart geskied.

Die geldeenheid wat vir alle transaksies gebruik sal word is Suid-Afrikaanse Rand en Land van oorsprong van die transaksies is Suid-Afrika.

6.1 Kredietkaart

Ten tye wat die bestelling geplaas word, word die transaksiebesonderhede aan die bank gestuur en betaling word onmiddellik verhaal. Indien goedkeuring nie van die bank verkry word nie, sal die transaksie gekanselleer word.

Graffiti maak gebruik van MyGate (Edms) Bpk, goedgekeurde agent van Nedbank Beperk, as sekure en veilige metode van internetbetalings. Die metode van enskripsie wat gebruik word is die mees beperkte vorm van enskripsie genaamd SSL3. Geen besonderhede van die kredietkaart word bewaar of is beskikbaar op die webtuiste nie. Die beleid en sekuriteitssertifikaat kan besigtig word op die webtuiste www.mygate.co.za.

Betaling kan gemaak word met Visa, Masterkaart, Diners Club of American Express.

6.2 Bankdeposito en Elektroniese Fondsoorplasing (EFT)

Indien die opsie gekies word om deur middel van 'n bankdeposito of elektronies fondsoorplasing (EFT) te betaal, sal 'n verwysingsnommer aan jou toegeken word. Hierdie verwysingsnommer moet op die depositostrokie of in die gepaste spasie vir internetoorbetaling aangeteken word. Graffiti kan

slegs die betaling identifiseer indien die verwysing verskaf word. Die presiese bedrag (koste van goedere sowel as versendingskoste) moet ten volle oorbetaal word in die rekening wat verskaf word. Tjekdeposito's is onderhewig aan 'n goedkeuringsperiode soos voorgeskryf deur die betrokke bank. Geen bankdeposito's of elektroniese fondsoorplasings kan van buite die grense van Suid-Afrika aanvaar word nie.

Betaling moet binne 7 werksdae geskied. Indien die betaling nie binne hierdie tydperk geskied nie, mag die bestelling / transaksie deur Graffiti gekansselleer word, tensy skriftelik anders ooreengekom. Betaling vir vooruit-bestellings moet ook volgens hierdie riglyne geskied.

Die bankbesonderhede vir bankdeposito's en elektroniese fondsoorplasings is as volg:

REKENINGHOUER	:	Graffiti
BANK	:	ABSA
TAKKODE	:	632 005
REKENINGNOMMER	:	407 02 55 861

7. KANSELLERING VAN BESTELLING

Graffiti behou die reg voor om ter enige tyd 'n transaksie ten volle of gedeeltelik te kanselleer in die geval waar bedrog vermoed word of waar die volledige bedrag vir die transaksie nie aanvaar is nie. Graffiti sal slegs verantwoordelik wees vir die terugbetaling van gelde reeds ontvang en aanvaar geen ander aanspreeklikheid wat mag voortspruit uit die verwerpingsproses van so 'n bestelling of aankope nie.

Die Gebruiker kan enige tyd voordat die volledige transaksie uitgevoer is, die transaksie kanselleer. Sodra die volledige bedrag verskuldig aan Graffiti betaal is, is die transaksie finaal en kan die aankope nie gekanselleer word deur die webblad nie. Indien jy egter wel die transaksie sou wou kanselleer moet jy 'n skrywe binne 24 uur rig aan orders@graffitibooks.co.za. 'n Transaksie mag ook deur jou gekanseller word waar die goedere bestel nie binne die raamwerk vir aflewering geskied het nie. Sien ook die volledige Terugsendings- en terugbetalingsbeleid.

8. TERUGSENDINGS- EN TERUGBETALINGSBELEID

Die Gebruiker is geregtig daarop om enige goedere aangekoop op Graffiti se webtuiste terug te stuur indien:

- Die verkeerde produk by jou afgelewer word; of
- Die produk wat jy ontvang stukkend is of nie in 'n goeie kondisie is nie;

In welke gevalle jy geregtig is op 'n volle terugbetaling en / of die vervanging van die produk.

Terugsending moet geskied binne 10 werksdae vandat jy die produk ontvang het. Terugsending geskied op die onkoste van Die Gebruiker. Graffiti sal goedere wat teruggestuur word inspekteer. Indien dit gevind word dat die goedere wel nie verkeerdelik gelewer is nie en / of in 'n goeie kondisie is, sal Die Gebruiker steeds verantwoordelik wees vir die transaksiekostes en indien nodig sal Die Gebruiker vir verdere versendingskostes gefaktureer word.

Indien Die Gebruiker geregtig is op 'n terugbetaling vir enige van bogenoemde redes, sal so 'n terugbetaling op die volgende manier geskied:

- Indien Die Gebruiker betaal het deur 'n kredietkaart te gebruik, sal die terugbetaling op die kredietkaart geskied.
- Indien Die Gebruiker op enige ander wyse (bv. Elektroniese fondsoorplasing en / of bankdeposito betaal het, sal die bedrag in jou bankrekening, vanwaar die betaling gedoen is, betaal word. Fondse sal nie na 'n derde party se bankrekening oorbetaal word nie.

Neem asseblief kennis dat die terugbetalingsproses tot en met 5 werksdae kan neem vir goedkeuring.

8.1 Laat lewering van goedere

Indien goedere nie gelewer word binne die ooreengekome afleweringstyd nie of waar daar nie op ‘n spesifieke afleweringstyd ooreengekom is nie, binne 30 dae ná aankope van die produk, bepaal die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies dat Die Gebruiker die reg het om so ‘n bestelling te kanselleer deur 7 dae kennis te gee aan die verkoper (Graffiti). In so ‘n geval, stuur ‘n e-pos aan orders@graffitibooks.co.za.

8.2 Defektiewe en / of beskadigde goedere

Indien Die Gebruiker binne 6 maande vanaf ontvangs van die goedere vind dat die produk defektief is, mag Die Goedere aan Graffiti teruggestuur word. Graffiti sal verantwoordelik wees daarvoor om na inspeksie van die goedere en goedkeuring van die terugsending die goedere, in oorleg met Die gebruiker, die bedrag waarteen die produk aangekoop is ten volle terug te betaal of die produk te vervang.

8.3 Reëlings ten opsigte van terugsendings

Indien Die Gebruiker enige goedere wil terugstuur binne die riglyne van hierdie beleid, moet Graffiti in kennis gestel word via e-pos: orders@graffitibooks.co.za of skakel: 012 548 2356 gedurende kantoorure.

Die Gebruiker moet toesien dat die goedere wat terug gestuur word verpak is volgens die korrekte riglyne van die koeriers:
- Die produk moet beskerm word deur die korrekte verpakkingsmateriaal; en
- Waar moontlik moet die produk steeds in sy oorspronklike verpakking wees.

9. WETGEWING EN REGULASIES

Graffiti is onderworpe aan die volgende regulasies en wetgewing:
- die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 met betrekking tot enige goedere verkoop deur Graffiti deur hul webtuiste; en
- seksie 43(5) en 43 (6) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies met betrekking tot Graffiti se betalingstelsels en sekuriteit.

Nie Graffiti of enige van sy verteenwoordigers sal verantwoordelik gehou word vir enige skade, verlies of aanspreeklikheid van enige aard wat mag ontstaan uit die onvermoë om hierdie webtuiste te gebruik nie. Graffiti kan op geen stadium waarborg lewer, geïmpliseerd of anders dat hierdie webtuiste vry van foute is nie en dat die diens 100% korrek sal funksioneer sonder enige onderbrekings of foutboodskappe nie. Indien jy enige fout sou vind op die webtuiste, kontak Graffiti by die volgende e-posadres: webmaster@graffitibooks.co.za.

Inligting, idees en opinies op hierdie webtuiste moet nie gesien word as professionele advies of die amptelike opinie van Graffiti nie.

9.1 Jurisdiksie

Hierdie webtuiste word geberg, gekontroleer en bedryf vanuit die Republiek van Suid-Afrika en is daarom onderworpe aan Suid-Afrikaanse wetgewing en partye wat transaskies aangaan op hierdie

webtuiste onderwerp hulle dus ten volle aan die nie-eksklusiewe jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe.

9.2 Privaatheid

Graffiti sal alle moontlike stappe neem om jou persoonlike inligting te beskerm. Vir die doel van hierdie klousule word “persoonlike inligting” gedefinieer volgens die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet en kan afgelaai word by: http://us-cdn.creamermedia.co.za/assets/articles/attachments/03569_promofaccestoinfoact2.pdf.

Graffiti mag elektronies die volgende persoonlike inligting van Die Gebruiker inwin, bewaar en gebruik:

- naam en van;
- geboortedatum;
- geslag;
- land waar jy woon;
- naaste stad;
- nie-persoonlike soekgewoontes en kliek-patrone;
- e-posadres;
- selfoonnommer;
- IP adres; en
- ID-nommer / paspoortnommer.

Die inligting kan vir die volgende redes gebruik word:

- onderhewig aan jou toestemming daartoe, om jou in te lig rondom sake met betrekking tot die toegang en gebruik van Graffiti se webblad;
- onderhewig aan jou toestemming daartoe, om spesiale aanbiedings en kompetisies van Graffiti en / of sy vennote aan jou te stuur;
- om nie-persoonlike statistieke rondom soekgewoontes, kliekpatrone en toegang tot die webtuiste saam te stel;
- om jou identiteit te verifieer wanneer jy transaksies op Graffiti se webtuiste uitvoer; en
- om te verseker dat die goedere ontvang is deur die geadresseerde.

Bogenoemde inligting word of elektronies ingesamel deur die gebruik van *cookies* of word vrywiliglik deur jou aangebied. Jy kan die gebruik van *cookies* onafhanklik deur die verstellings op jou eie soekenjin aanpas. Jy kan ook die opsie uitvoer om geen kommunikasie van Graffiti en sy vennote te ontvang nie. Graffiti sal nie jou persoonlike inligting bekend maak tensy jy nie daartoe instem of deur die nodige wettiese prosesse nie.

Graffiti mag enige inligting saamstel, gebruik en deel wat nie betrekking het op ‘n spesifieke individu nie en besit en behou alle regte op nie-persoonlike statistieke wat ingewin en saamgestel word.

9.3 Inligting van Graffiti

Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies bepaal dat wanneer goedere of dienste gelewer word deur sekere elektroniese transaksies moet die verkoper van hierdie goedere sekere inligting rondom homself aan sy kliënte bekend maak op die webtuiste waar die goedere aangebied word.

LVR Books & Stationery cc t/a Graffiti **ZAMBEZI JUNCTION** (Graffiti) is ‘n onafhanklike maatskappy geregistreer in Suid-Afrika met registrasienommer: 1989/019972/23. Graffiti is ‘n kleinhandelaar wat hoofsaaklik fokus op die verkope van boeke. Skryfbehoeftes word ook in die fisiese winkel verkoop.

Adres vir ontvangs van wettiese dienste: Winkel 10, Zambezi Junction, Breedstraat, Montana.

Lid: Leonie van Rensburg (eienaar)

Webmeester: webmaster@graffitibooks.co.za
Webtuiste: www.graffitibooks.co.za
Amptelike e-posadres: info@graffitibooks.co.za